LAERSKOOL KOLLEGEPARK

Nuusbrief 02: 10 Februarie 2025

Geagte Ouers/Voogde

So is ‘n hele paar weke van 2025 reeds verby en ons het begin met 'n baie besige kalender. Ons wil graag elkeen van julle bedank vir julle betrokkenheid en positiewe gesindheid wat ons reeds in hierdie nuwe jaar ervaar het. Dit is slegs deur samewerking en 'n positiewe ingesteldheid wat ons sukses kan behaal, en ons waardeer dit opreg.

DIGITALE NUUSBRIEF- ADVERTENSIES

Ons is opgewonde om met u te deel dat ons meer gereeld nuusbriewe gaan uitgee, sodat ons ouers ten alle tye op datum kan hou met die nuus en aktiwiteite by die skool.
Om effektiewe kommunikasie te verseker, sal ons gebruik maak van twee platforms - digitaal sowel as papier. Die digitale nuusbrief sal via WhatsApp-groepe versprei word.

In ons digitale nuusbriewe sal ons ook die geleentheid bied vir ouers en besighede om hul dienste of produkte te adverteer. Ons gaan 10 advertensies van A5-grootte per nuusbrief insluit. Die koste per advertensie (per nuusbrief) sal R250 wees. Ons glo dat hierdie inisiatief nie net die kommunikasie sal bevorder nie, maar ook die skool sal help om ons gemeenskap te ondersteun deur bemarkingsgeleenthede vir plaaslike besighede te bied.

UITTEKEN VAN LEERDERS

Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers om leerders nie onnodig uit te teken nie. Die kurrikulum is baie vol en leerders mis belangrike werk wanneer hulle nie by die skool is nie. Dit het 'n direkte impak op hulle vordering, en ons doel is om te verseker dat elke leerder die nodige kennis en vaardighede het om suksesvol te wees.

Ons waardeer julle begrip en samewerking in hierdie verband.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan alle ouers wat so getrou is met skoolfondsbetalings.
Ons wil ook graag ouers aanmoedig om enige uitstaande skoolgelde so gou as moontlik te betaal, sodat ons die beste onderrig en dienste aan ons kinders kan bied. Die betaling van skoolgelde is van kardinale belang om 'n positiewe leeromgewing te verseker en ons skole se operasionele behoeftes te ondersteun.

INTERLAER – 11 FEBRUARIE

Baie sterkte aan al ons atlete wat aan die Interlaer deelneem. Ons is trots op elkeen van julle en wens julle sukses toe. **Neem asseblief kennis dat daar normale skool sal wees vir graad RR – 3.**

VOEDINGSKEMA

Baie dankie aan al die mammas wat reeds hul name opgegee het om betrokke te wees by die voedingskema. Ons waardeer dit opreg en is dankbaar vir julle betrokkenheid. Indien daar enige mammas is wat nog graag betrokke wil raak, is julle welkom om vir Juffrou Isabel of Juffrou Roelien te kontak.

MINI-NETBAL (Graad R, 1, 2 en 3)

Ons is opgewonde om die begin van Mini-Netbal vir die komende seisoen aan te dui. Die uitduntye vir elke graad is as volg:

- **Graad R:**
  Dinsdag 11 Februarie | Donderdag 13 Februarie | Dinsdag 18 Februarie
  Tyd: 13:00 - 14:00
- **Graad 1:**
  Dinsdag 11 Februarie | Donderdag 13 Februarie | Dinsdag 18 Februarie
  Tyd: 13:00 - 14:00
- **Graad 2:**
  Maandag 10 Februarie | Woensdag 12 Februarie | Maandag 17 Februarie
  Tyd: 13:15 - 14:15
- **Graad 3:**
  Maandag 10 Februarie | Woensdag 12 Februarie | Maandag 17 Februarie
  Tyd: 13:15 - 14:15

Ons nooi graag alle nuwe spelers uit om deel te neem. Dit is belangrik dat u kind so gou as moontlik inskakel. Daar sal WhatsApp-groepe vir kommunikasie gestig word. Indien u nie op die groep geplaas is nie, kontak asseblief die afrigters vir hulp.
Let wel: Mini-Netbal fokus hoofsaaklik op die ontwikkeling van vaardighede vir toekomstige deelname.

Na afloop van die uitduntye, sal die oefentye vir die gefinaliseerde spanne as volg wees:

- **Graad R:**
  Dinsdae en Donderdae | 13:00 - 14:00
- **Graad 1:**
  Dinsdae en Donderdae | 13:00 - 14:00
- **Graad 2:**
  Maandae en Woensdae | 13:15 - 14:15
- **Graad 3:**
  Maandae en Woensdae | 13:15 - 14:15

MINI-RUGBY

Ons is opgewonde om aan te dui dat die Mini-Rugby oefening begin het. Die oefentye vir die seisoen is as volg:

- **O.6:** **Maandae en Donderdae** **17:00 – 18:00**
- **O.7:** **Maandae en Woensdae** **17:00 - 18:00**
- **O.8:** **Dinsdae en Donderdae** **17:00 – 18:00**

Ons nooi alle leerlinge uit om deel te neem aan die Mini-Rugby! Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om nie net jou fiksheid en vaardighede te ontwikkel nie, maar ook om deel te wees van ‘n span wat hard werk en pret het. Of jy nou nuut is by die sport of reeds ervaring het, Mini-Rugby is die perfekte manier om jouself uit te daag, nuwe vriende te maak, en jou passie vir rugby te ontdek.

NETBALOEFENING – O.10 TOT O.13-DOGTERS

Die netbaloefeninge vir Graad 4 - 7 dogters sal op **12 Februarie** begin. Oefentye sal op die graadgroepe deur gegee word.
Kom en wees deel van die netbal! Sluit aan en bou aan jou toekoms op die sportgebied!

RUGBY – O.9 TOT O.13-SEUNS

Ons graad 3 tot 7 rugbyseuns is hard aan die oefen om gereed te wees vir die komende seisoen. Die spanne fokus op tegniek, uithouvermoë en spanwerk om sukses te behaal. Vir enige navrae, kontak gerus Mnr. Kriel.

GRAAD 4 WAG ‘N BIETJIE KAMP

Ons jaarlikse graad 4 opvoedkundige uitstappie na Wag ‘n Bietjie vind plaas van 22-24 Oktober.

Die koste beloop R1750 per leerder, wat busvervoer, etes en verblyf insluit. Let asseblief daarop dat die bedrag ten volle betaal moet wees voordat die leerder aan die uitstappie kan deelneem.

Betaling kan eenmalig of met paaiemente geskied, soos volg:

1 paaiement: R1750
2 paaiemente: R875
5 paaiemente: R350
7 paaiemente: R250

Bankbesonderhede: **ABSA**
REK NO: 530 491 153
TAKKODE: 632005

Verwysing: Gebruik asseblief die formaat: Naam, Van, Gr.4-Kamp.

Alle betalings moet teen 30 September 2025 afgehandel wees.

PRETLOOP

Ons Pretloop vind op 28 Februarie om 15:00 plaas. Die optog begin reeds om 14:30. Maak seker dat julle gereed is vir ‘n middag vol pret, energie en kreatiwiteit! **Moet asseblief nie vergeet om julle borgvorms saam te bring nie.**

Hierdie jaar se tema is "Bytjies, Kabouters & Feetjies en Funky!" Trek aan volgens die tema en wys jou kreatiwiteit! Of jy nou soos 'n fladderende feetjie, 'n vriendelike kabouter, 'n besige by of iets uniek en funky wil lyk, gaan dit beslis 'n kleurvolle en opwindende dag wees!

Ons moedig al ons leerders aan om deel te neem en die dag saam met ons te geniet.

VALENTYNSDAG – 14 FEBRUARIE

Ons nooi graag alle leerders uit om vir die dag rooi, wit of pienk aan te trek. Daar sal waterballonne beskikbaar wees by leerders se registeronderwysers teen R10. Elke leerder kry 4 ballonne. Hierdie ballonne sal later gebruik word om 'n spesifieke meneer te gooi, so wees gereed vir 'n lekker Valentynsdag-aktiwiteit!

Daar sal ook 'n fondinsameling tydens pouse wees, waar ons in die gees van liefde 'n liedjie op die skoolterrein gaan speel. Die liedjie sal oor en oor gespeel word, maar leerders kan help om die liedjie te stop deur enige bedrag geld te "bank". Sodra ons die geheime bedrag ingesamel het, sal die liedjie uiteindelik ophou speel.

Ons hoop dat almal die dag sal geniet en saam met ons die gees van Valentynsdag vier!

MEDIASENTRUM TYE

Die Mediasentrum is weer oop vir leerders om boeke uit te neem. Elke graad het 'n spesifieke dag waarop hulle van die Mediasentrum gebruik kan maak:

- Maandae: Graad 4
- Dinsdae: Graad 5
- Woensdae: Graad 6
- Donderdae: Graad 7

Die beskikbare tye is vanaf **07:00 tot 07:25** in die oggende, en in die middae vanaf **na skool tot 14:30.**
Ons moedig alle leerders aan om van die Mediasentrum gebruik te maak, nie net om boeke uit te neem nie, maar ook om die rykdom van kennis, wat daar beskikbaar is, te ontdek. Deur gereeld boeke te lees, kan jy jou taalvaardighede verbeter, jou kennis verbreed en jou verbeelding laat groei.

GR. RR EN GR. R NASKOOL:

Ons bied naskooldienste slegs aan ons Graad RR-en Graad R-babbelbytjies aan. Die naskooltye is vanaf na skool tot 17:00. Die koste beloop R1800 per kwartaal.
Indien u, u kind sou wil inskryf, kontak gerus Mev. Meyer in die kantoor vir verdere inligting.

ASSESSERING

Assesseringsplanne is al reeds aan leerders uitgegee. Die grondslagfase se deurlopende assessering begin op **17 Februarie** en sal op **12 Maart** afgehandel word.

Harde werk is die sleutel tot sukses. Dit mag nie altyd maklik wees nie, maar elke oomblik van toewyding bring jou nader aan jou doelwitte. Deur gereeld te leer, bou jy nie net kennis nie, maar ook selfvertroue en deursettingsvermoë. Glo in jouself en weet dat jou harde werk uiteindelik sal vrugte afwerp.

- **04 Februarie:** **Formele assessering: Afrikaans Stelwerk**
- **06 Februarie:** **Formele assessering: Engels Stelwerk**
- **20 Februarie:** **Formele assessering: Afrikaans graad 4-7**
- **27 Februarie:** **Formele assessering: NW graad 4-7**
- **28 Februarie:** **Formele assessering: Tegnologie graad 7**
- **03 Maart:** **Formele assessering: EBW graad 7**
- **04 Maart:** **Formele assessering: Wiskunde graad 4 – 7**
- **06 Maart:** **Formele assessering: SW Geografie graad 4-7**
- **10 Maart:** **Formele assessering: Engels graad 4 -7**
- **11 Maart:** **Formele assessering: SW Geskiedenis graad 4-7**

Die komende maande beloof om vol uitdagings en geleenthede te wees, en ons is opgewonde om saam met julle almal te werk om ons doelwitte te bereik. Ons moedig ouers aan om betrokke te bly en met ons saam te werk om die beste vir ons leerders te verseker.

Dankie vir julle volgehoue ondersteuning. Ons sien uit na 'n positiewe en produktiewe jaar.

MNR. C.F. HERBST
HOOF

hallo
Vanderbijlpark
Vaalpark
Sasolburg
Hoe kan ons jou help?
Kontak Clarissa
083 845 2731
MARVELLOUS MAIDS
Huishoudelike Skoomaakdiens
Kantoor Skoonmaakdiens
AirBNB Skoonmaakdiens
"Spring" Cleaning
Eenmalige Skoonmaakdiens
Permanente Skoonmakers
clarissa@marvellousmaids.co.za | www.marvellousmaids.co.za

STARGATE AUTO
YOUR TRUSTED PARTNER IN CAR BUYING
www.stargateauto.site 016 931 9570
STARGATE AUTO
BECAUSE YOU DON'T LIKE TO SEARCH AROUND
www.stargateauto.site 016 931 9570

Discovering me

TUTOR SENTRUM
TUTOR CENTER

VANDERBIJLPARK SE 1

nuut

nuut

GR 1 – 7
EKSTRA LESSE /
EXTRA LESSONS

- **AFRIKAANS / LEES**
- **ENGLISH / READING**
- **WISKUNDE / MATHS**

WEEKSDAE & SATERDAE
WEEK DAYS & SATURDAYS

WhatsApp **079 065 6242**

TM TURN MASTERS

ENGINEERED TO PERFECTION, BUILT FOR SUCCESS

OUR SERVICES

- General Engineering
- Flywheel & Brake Disc Skimming
- Hydraulic Cylinders • Machining
- Fabrications • Cylinder Repairs
- Pins & Bushes • Roll Journals
- Working According to Drawings
- Precision Engineering

082 629 8237

willemsep31@gmail.com 26 J W Mushet str, VDBP

STAR MOTOR GROUP

OMODA | JAECOO
Vanderbijlpark
079 568 7116

With a variety of brands to select from:

JETOUR
Drive Your Future

GAC MOTOR

CHERY

NISSAN



Buying or Selling
YOUR HOME?

Contact me!

For the Service
YOU DESERVE

STEYN
ATTORNEY AND CONVEYANCER INC.

Minette: 081 348 1330
minette@steynatt.co.za